lede. Dit sou sekerlik verkeerd wees om sulke wetes te weerhou bloot omdat dit nie aan 'n bronverwysing gekoppel kan word nie. Aan die ander kant moet steeds met probleem een hierbo genoem, rekening gehou word.

Dit hou ook verband met die probleem van saaklike verwysing. Vanweë oorbekendheid word die verwysingsraamwerk van baie stellings en gegewens te maklik as vanselfsprekend aanvaar.

Die vernaamste probleem is egter die van relevansie en beklemtoning. Elkeen skryf vanuit sy eie leef- en ervaringswêreld, lê sy eie verbande en plaas aksente soos hy dit die beste ag. Terwyl die billike interpretasie van elke tyd sy eie wettigheid het, is die 'geskiedenis' waaroor in hierdie geval geskryf word, in die hart van prof Van Zyl (en sy mense) nog lewende werklikheid. So lank hierdie 'werklikheid' bestaan, is dit die vernaamste norm waaraan elke derglike poging gemeet en waarskynlik ontoereikend bevind sal word.

Niks meer as die haalbare kan dus nagestreef word nie. In hierdie geval is dit dat prof Van Zyl en almal wat hom op dié bepaalde vlak goed geken het, die onderhawige portretstudie as 'n eerlike en billike poging sal erken.

## 2. BIOGRAFIESE OORSIG

Francois Jacobus van Zyl is op 6 Mei 1913 gebore op die plaas Wonderfontein (langs die Groot-Maricorivier) waar hy ook opgroei. Sy ouers was Francois Jacobus en Maria Magdalena Elisabeth (gebore Nortje) van Zyl. Hy is 'n agterkleinseun van die bekende ouderling Vaal Frans Jacobus Joubert wat so 'n belangrike rol in die Kerk en gemeenskap in Wes-Transvaal gespeel het. Daar sy vader in die huis van ouderling Joubert opgegroei het (grootvader Van Zyl, skoonseun van ouderling Joubert, is op redelike jong leeftyd oorlede), het baie herinneringe aan daardie vroeë tydperk in die ouerhuis van prof Van Zyl geleef.

In die Depressiejare kom hy na die Universiteit van Pretoria om teologie te bestudeer. Vanweë die moeilike ekonomiese omstandighede is hy verplig om studieskulde aan te gaan waaraan hy agterna nog lank sou afbetaal. In 1938 studeer hy af as enigste finalejaarstudent van die Nederduitsch Hervormde Kerk in daardie jaar. Hy is 'n oud-inwoner van Kollege-huis.

Hy word op 28 Mei 1939 in die kerkgebou van Cottesloe as predikant en medeleraar van ds JJ Prinsloo (G-sn) in die gemeente Johannesburg georden en op 22 Desember 1939 in dieselfde kerkgebou met Neelsie Steyn in die huwelik bevestig. Die gemeente het in daardie jare ver oor 'n 2000 belydende lidmate gehad en het die hele sentrale Witwatersrand ingesluit. Hier arbei hy tot 1941.

die aftrede van dr Joh Dreyer, vir 'n tyd lank as redakteur waar. Die Kerk se vertroue in sy bekwaamheid word geïllustreer deur sy verkiesing as ondervoorsitter van die Algemene Kerkvergadering in 1973.

Sy betrokkenheid by sinodale rade en kommissies oor die jare heen strek min of meer oor dieselfde periode waarin die Nederduitsch Hervormde Kerk sy organisatoriese en institutêre beslag kry. Prof van Zyl het die Kerk letterlik sien groei vanaf moeilike Depressiejare deur jare van eksplosiewe uitbreiding tot vandag se gekonsolideerde situasie. Hy het 'n belangrike aandeel gehad in die formulering van prinsipes en praktyk. Hy het egter geen illusie oor sogenaamde 'oorwinings' of 'suksesverhale' nie (vgl hiervoor Van Zyl 1942b). Selfgenoegsaamheid is totaal onvanpas in die werk van die kerk.

Hy bereik die aftree-ouderdom in 1978 en aan die einde van daardie jaar tree hy uit. Dit was nog nie die einde van sy aktiewe loopbaan in die Kerk nie. Hy gaan voort om op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (as ondervoorsitter) en op verskillende sinodale rade te dien (tot 1982). Hy aanvaar ook 'n beroep na die gemeente Potchefstroom-Noord.

Prof en mev Frans van Zyl dien met ywer en genoë in dié gemeente tot 1983. In dié jaar bereik hy die verpligte aftree-ouderdom vir predikante (op daardie stadium sewentig jaar). Met aanvaarding van emeritaat verhuis die egpaar terug na Pretoria.

Hierna word hulle swaar getref deur persoonlike terugslae, waaronder die tragiese afsterwe van hulle skoonseun, ds Adam Willemse van Lydenburg, na 'n lang en uitmergelende siekbed. Prof van Zyl doen boonop 'n geperforeerde appendiks op en word ernstig siek. Tog oorkom die egpaar die teenslae een na die ander en wel op so 'n wyse dat hulle vriende en familie self bemoedig word deur die innerlike krag en geloofsaanvaarding wat van prof en mevrou Van Zyl uitgaan.

In 1985 tree prof Van Zyl nog weer as eksterne dosent op in sy ou Departement tydens die langverlof van sy plaasvervanger.

Die egpaar is gelukkig om steeds die gawe van goeie gesondheid te geniet. Hulle is albei bedrywig en die tog na die familieplaas op Groot-Marico waar prof Van Zyl 'n deeltydse boerdery aan die gang het, word gereeld aangepak. Daarbenewens werk hy sedert sy terugkeer na Pretoria as pastorale hulp in die gemeente Weltevreden, Randburg.

Hulle vernaamste vreugde is hulle kinders en kleinkinders. Die egpaar het oor al die jare heen 'n hegte band met hulle vier dogters en hulle gesinne gehad. Die huis van oupa en ouma bly 'n vername oriëntasiepunt vir al hulle kleinkinders.

'prestasies'. Prof Van Zyl het geen erg daaraan gehad om sy 'merk' in die teologie te maak nie en bejeën dergelike ego-toere as tekens van onvolwasse geloof.

Wanneer deur sy lys van publikasies gekyk word, val dit op dat hy hoofsaaklik vir 'n kerklike leserskring geskryf het en dat hy nie juis in vakgenootlike gesprekvoering betrokke geraak het nie. Dit is in ooreenstemming met sy algemene houing: allereers in diens van die Kerk en daarna teoloog. Dit wil nie sê dat hy op vakgenootskaplikheid neergesien of negatief daarteenoor ingestel was nie. Hy was oor jare heen eenvoudig so betrokke by die lewe en werk van die Kerk dat daar min tyd vir vakgenootlike verkeer oor was.

Teologie word ook nie onafhanklik van die kerk bedryf nie, omdat teologie se roeping dié van dienskneg en nie van koning is nie. Dit kan nie 'n doel op sigself wees nie, slegs 'n implement in die opbou van die wingerd. Prof Frans van Zyl sou heeltemal gelukkig wees as hy maar net 'n nederige arbeider in hierdie wingerd genoem kon word.

## 4. KERKLIKE RADE EN KOMMISSIES

Die rade en kommissies waarvan prof Van Zyl lid was, is in kronologiese volgorde die volgende:

Kommissie vir Jeugwerk:
Lid 1941-1945.

Sendingraad
Hy was ononderbroke lid van die raad vanaf 1946 tot 1970 (met vorige benamings hieronder aangedui). Hy tree ook vir meer as 'n dekade op as die sekretaris van die Raad.

Kommissie vir Evangelisasie
Lid 1946-1951.

Raad vir Arbeid onder Nie-Christelike Volke
Lid 1952-1961.

Raad vir die Kerstening van Nie-Christelike Volke
Lid 1962-1964.

**Sentrale Raad vir die Kerstening van die Heidene**
Lid 1965-1970. 'n Nuwe bedeling tree na hierdie datum in werking waarvolgens die Raad hoofsaaklik uit die ringsuperintendente vir sending saamgestel word.

**Redaksie van *Die Hervormer***
(Tot 1951 bekend as die 'Kommissie van Die Hervormer').
Ononderbroke lid 1949-1986. Vanaf 1981 tree hy op as voorsitter. Met die aftrede van ds Joh Dreyer tree hy as tussentydse redakteur op vir uitgawes 67/8-67/12 (Oktober 1976-Maart 1977).

**Kuratorium**
Lid 1955-1957. Adviserende lid 1960-1978.

**Kommissie van die Algemene Kerkvergadering**
Lid 1957-1959. Wanneer hy in 1960 die leerstoel aanvaar, word hy verplig om sy posisie in die Kommissie prys te gee. Die teologiese professore is op daardie stadium nie toegelaat om as lede van die Kommissie te dien nie. Hy word in 1973 (na verandering van genoemde bepaling by 'n vorige vergadering) verkies as onder-oorsitter en dien in dié hoedanigheid tot 1983.

**Algemene Diakonale Raad**
(Ook verskillende benamings).
Diakonale Raad. Lid 1958.
Raad vir die Barmhartigheidsdiens. Lid 1971-1979. Voorsitter 1975-1979.
Algemene Diakonale Raad. Lid en voorsitter 1980-1983.

**Raad vir Belydenis en Liturgiese Geskrifte**
Lid 1960-1978. Dikwels voorsitter.

**Redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies***
Lid 1960-1978.

**Raad vir Regsadvies**
Lid 1965-1983.

**Redaksie van die *Bybelse Dagboek***
Lid 1968-1973.

**Kommissie vir die Gesprek met die Susterkerke**
(Tot 1973 bekend as 'Kommissie vir Gesprek met Ander Kerke').
Lid 1971-1983. Vanuit hierdie Kommissie is hy vir dieselfde tydperk lid van die Tussenkerklike Kommissie. By geleentheid tree hy op as voorsitter van die Tussenerklike Kommissie.

**Werkgroep Apostolaat**
Sameroeper en voorsitter 1974-1983.

**Studiekommissies en spesiale studies**
Hy dien op verskeie studiekommissies. Hy skryf of help skryf etlike studierapporte vir sinodale rade, waarvan 'n sekere deel ongepubliseerd.

## 5. PUBLIKASIES

**Boeke of pamflette**

1948. *Die Boek van alle boeke: Ons Bybel*. Kaapstad-Pretoria: HAUM/De Bussy. (Hierdie boek bevat artikels wat in *Die Hervormer* van 21 April 1944 - 22 Januarie 1945 verskyn het.)

1964. *Die Nederduitsch Hervormde Kerk en Vrymesselary*. Pretoria: HAUM.

1972. *Vrymesselary*. Kaapstad-Pretoria: HAUM. ('n Hersiene tweede uitgawe van bogenoemde).

1972. *Waarom is ek lidmaat van die Kerk? My geloofsbelydenis*. Pretoria: HAUM.

1974. *Doop en huwelikskategese*. Kaapstad-Pretoria: HAUM.

**Dele van boeke of pamflette**

s a. 'n Boek; die ganse Heilige Skrif; die kanonieke boeke van die Ou - en Nuwe Testament; die Boek van die Kerk, in Van Zyl, FJ (red), s a. *Ken jy die Bybel? Sy boodskap*, 5-30. Pretoria-Kaapstad: HAUM. (Hierdie hoofstukke bevat artikels wat in *Die Hervormer* 60/4-60/12, 1969-1970 verskyn het.)

1975. Christelike Wetenskap, in *Rondom die gewetensklousule*. Drie voordragte deur JP Oberholzer, FJ van Zyl en JGM Dreyer (sr). Pretoria: HAUM.

1973. Godsdienswetenskap en godsdiensfilosofie, in Eybers, I (red), *Inleiding in die teologie*, hfst 8. Pretoria: NG Kerk-Boekhandel.

1977. Moderne Satanisme, in Swart, WH, *Satanisme*, 12-21. Kaapstad-Pretoria: HAUM.

1982. Halsoorkop keuses, in *Venster op die huwelik*, 48-53. Potchefstroom: PU vir CHO.
1983. Wat is egskeiding? in Loader, JA, *Een plus een is een*, 63-72. Pretoria: Kital.
1988/9. Die volkskerk teenoor die vrye-kerk, in Botha, SJ (red), *Belydende volkskerk*. Pretoria: Kital.

Artikels in die *Hervormde Teologiese Studies*
1944. Skrifbeskouing van Karl Barth. *HTS* 1/3, 124-135. (Voordrag gelewer voor die Predikantevergadering.)
1954. 'Christian Beacon'. *HTS* 10/3, 132-143.
1959. Die Teologie van die Woord en die figuur van die Onmiddelike. *HTS* 15/2, 3 & 4, 149-159.
1962. Trojaanse perd in die Christelike teologie. *HTS* 18/1 & 2, 1-11.
1963. Vrymesselary teologies beoordeel. *HTS* 19/1 & 2, 47-57.
1965. Ekumene: Inhoud en grense van die begrip. *HTS* 21/2 & 3, 60-66.
1966. Studie van die godsdiens. *HTS* 22/4, 122-133.
1967. Agtergronde van die Ekumeniese Beweging. *HTS* 23/2, 33-43.
1967. Reformatoriese verkondiging en hedendaagse mensbeskouing. *HTS* 23/3, 113-125.
1968. Sekularisasie - 'n prinsipiële behandeling. *HTS* 24/3, 113-127.
1970. Sendingperspektiewe in Gen 1-11. *HTS* 26/1 & 2, 54-62.
1972. Die sendingtaak van die kerk: 'n Prinsipiële behandeling. *HTS* 28, 173-182.
1974. Blik op die lede van die ou Fakulteit. *HTS* 30/3 & 4, 183-190.
1975. Pastorale bearbeiding van die geskeies. *HTS* 31/3 & 4, 147-153.
1976. Boodskap van Nicea. *HTS* 32/1 & 2, 76-84.
1976. Stem van die kerk in die wêreld. *HTS* 32/1 & 2, 85-96.
1976. Bekering van die heiden. *HTS* 32/3 & 4, 192-197.
1978. Die betekenis van die filosofie vir die teologie volgens Karl Barth en Paul Tillich. *HTS* 34/3, 59-66.
1979. Garisma van die spreek in tale (glossolalie). *HTS* 35/3 & 4, 48-53.
1979. Calvyn en die ekumene. *HTS* 35/1 & 2, 76-87.

Artikels in die *Almanak*
1942. Ons Kerk en ons volk. *Almanak* 36, 58-62.
1944. Nogeens kerkvereniging. *Almanak* 38, 43-46.
1954. Die huidige stand van ons sendingwerk in Natal. *Almanak* 48, 66-67.
1972. TF Dreyer (Thom). *Almanak* 66, 46-47.

1973. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid (Heb 13:8). *Almanak* 67, 10-15. (Rede gehou by die eeufees van Zeerust-gemeente 1971.)
1975. Prof dr Sarel Petrus JJ van Rensburg. *Almanak* 69, 47-48.
1978. Kerkvereniging of samewerking. *Almanak* 72, 23-26.
1979. Verlede, hede en toekoms van die gesprek oor die eenheid van die kerk deur die Tussenkerklike Kommissie van die drie Afrikaanse kerke. *Almanak* 74, 18-21.
1987. Mev Snaps Huyzers (nou mev Van Deventer). *Almanak* 81, 58-59.

Artikels in *Die Hervormer*
1941. Verontrustende tekens. *Die Hervormer* 32/76, 15-17. (Teen neigings in die kerk vir volksbelange of politieke aspirasies in te span.)
1942. Oordenking - 1 Kor 15:57. *Die Hervormer* 33/2, 2-3.
1942. Die Kerk aan die ekonomiese front. *Die Hervormer* 33/7, 10-11.
1942. Oordenking - Hand 16:30-31. *Die Hervormer* 33/8, 2-3.
1943. Kersgedagtes. *Die Hervormer* 34/10, 13-14.
1944. Die Boek van alle boeke: Ons Bybel (1). Inleiding. *Die Hervormer* 35/2, 6.
1944. Die Boek van alle boeke: Ons Bybel (2). Die inhoud van die Bybel. *Die Hervormer* 35/3, 13.
1944. Die Boek van alle boeke: Ons Bybel (3). Mensewoord en Gods Woord. *Die Hervormer* 35/4, 7-8.
1944. Die Boek van alle boeke: Ons Bybel (4). Die eenheid van die Bybel. *Die Hervormer* 35/5, 4-5.
1945. Die Boek van alle boeke: Ons Bybel (5). Die Bybel en die verkondiging. *Die Hervormer* 35/11, 6-7.
1946. Oujaar. *Die Hervormer* 37/10, 3-4.
1947. Oordenking - 2 Kor 5:10. *Die Hervormer* 37/12, 2.
1948. Die komende Algemene Kerkvergadering. *Die Hervormer* 39/1, 4-5.
1948. 'n Groot teoloog oor die Christelike doop. (K Barth). *Die Hervormer* 39/9, 10.
1949. 'n Groot teoloog oor die Christelike doop. (Deel 2). *Die Hervormer* 39/11, 8.
1949. Kritiek op die doopsleer van Karl Barth. *Die Hervormer* 40/8, 5.
1950. Verstaan ek my doop? (Deel 1). *Die Hervormer* 41/4, 1.
1950. Verstaan ek my doop? (Deel 2): My doop ... 'n gedurige verpligting teenoor God. *Die Hervormer* 41/5, 8.
1950. Verstaan ek my doop? (Deel 3): Ons en ons kinders. *Die Hervormer* 41/7, 6.
1950. Oordenking - Sag 9:9. *Die Hervormer* 41/8, 3.
1950. Die heilige nagmaal (Deel 1): Tafel, brood en beker. *Die Hervormer* 41/9, 7.
1951. Die heilige nagmaal (Deel 2): 'n Fees van danksegging. *Die Hervormer* 41/10, 4.

1951. Die heilige nagmaal (Deel 3): Die tafel van gemeenskap. *Die Hervormer* 41/12, 12.
1951. Die klein opkomsie. *Die Hervormer* 42/6, 6.
1951. Ek glo ... 'n kerk (Deel 1): Die kerk ... 'n wonder. *Die Hervormer* 42/8, 5,8.
1952. Ek glo ... 'n kerk (Deel 2): Die mens in die kerk. *Die Hervormer* 42/11, 4.
1952. Ek glo ... 'n kerk (Deel 3): Die kerk en die sending. *Die Hervormer* 42/12, 4.
1952. Oordenking - 2 Kor 1:22. *Die Hervormer* 43/2, 3.
1952. Die Raad vir Evangelisasie van Nie-Christelike Volke besoek die sendingveld in Soeloeland. *Die Hervormer* 43/2, 7.
1952. Die sekretaris van die Wêreldraad van Kerke, dr WA Visser 't Hooft, spreek die Randse Predikante-Broederkring toe. *Die Hervormer* 43/3, 1.
1953. Dr Pradervand besoek ons land. *Die Hervormer* 43/10, 11.
1953. Werksaamhede van die Raad vir Evangelisasie van Nie-Christelike Volke gedurende die jaar 1953. *Die Hervormer* 43/11, 9.
1953. Roeping en taak van die Kerk vandag. *Die Hervormer* 43/12, 1.
1953. Die amp van die diakensamp. *Die Hervormer* 44/1, 9. ('n Verwerking van 'n voordrag gelewer by 'n diakensvergadering in die Ring van Johannesburg.)
1954. Hierdie verlossing ... is dit die ware? *Die Hervormer* 44/12, 13,15. (Reaksie op Potgieter, FJM 1953. Verlossing. Bloemfontein: SACUM. Potgieter repliseer in die volgende nommer.)
1954. Oproep om fondse vir die uitbreiding van die evangelie in die heidenwêreld. *Die Hervormer* 45/7, 19.
1955. Vrouerubriek. Die evangelie aan die heidene 1: Waarom? *Die Hervormer* 46/3, 10-11.
1955. Vrouerubriek. Die evangelie aan die heidene 2: Deur wie? *Die Hervormer* 46/4, 5,16.
1955. Die Kerk in die krisis van die huidige tydsgewrig. *Die Hervormer* 46/4, 14-15, 22.
1955. Vrouerubriek. Die evangelie aan die heidene 3: Hoe? *Die Hervormer* 46/5, 5.
1955. Vrouerubriek. Die evangelie aan die heidene 4: Besware en bedenkinge. *Die Hervormer* 46/6, 18.
1955. Wyle Jan (Gentleman) Heyneke. *Die Hervormer* 46/8, 13.
1956. Oproep om steun vir die evangelisasie van die nie-Christelike volke. *Die Hervormer* 47/2, 7.
1960. Die Sondag. *Die Hervormer* 50/10, 18-19.
1962. Kerk en wêreld (1): Inleiding. *Die Hervormer* 53/2, 21-22.
1962. Kerk en wêreld (2): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/4, 8.
1962. Kerk en wêreld (3): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/5, 5.

1962. Kerk en wêreld (4): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/6, 6-7.
1962. Kerk en wêreld (5): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/7, 4.
1962. Kerk en wêreld (6): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/8, 6-7.
1962. Kerk en wêreld (7): Die situasie van die kerk. *Die Hervormer* 53/9, 4.
1963. Kerk en wêreld (8): Die aksie van die kerk. *Die Hervormer* 53/10, 11.
1963. Kerk en wêreld (9): Die aksie van die kerk. *Die Hervormer* 53/11, 7.
1963. Sondag (1) *Die Hervormer* 54/9, 27.
1964. Sondag (2): Vrye dag van vreugde. *Die Hervormer* 54/10, 4,22-24.
1964. Kinder- en volwassedoop. *Die Hervormer* 55/9, 17.
1965. Kinder- en volwassedoop. *Die Hervormer* 55/10, 8-9.
1965. Die Vrymesselary. *Die Hervormer* 56/9, 8-10.
1966. Windhoek vier fees. *Die Hervormer* 57/5, 12.
1967. Ons wêreld vandag (1). *Die Hervormer* 57/10, 5.
1967. Ons wêreld vandag (2): Die wetenskaplike en tegnologiese rewolusie. *Die Hervormer* 57/11, 12.
1967. Ons wêreld vandag (3): Sekularisasie. *Die Hervormer* 57/12, 11.
1968. Oordenking - Ef 1:20,21. *Die Hervormer* 59/2, 3. (Hemelvaartdiens tydens die Algemene Kerkvergadering).
1969. Die Bybel - 'n boek. *Die Hervormer* 60/4, 16. (Reaksie op Potgieter, FJM 1953. Verlossing. Bloemfontein: SACUM. Potgieter repliseer in die volgende nommer.)
1969. Die Bybel - 'n boek. *Die Hervormer* 60/6, 7. (Artikelreeks: Die Bybel 1).
1969. Die Bybel - 'n boek. *Die Hervormer* 60/6, 7. (Artikelreeks: Die Bybel 1).
1969. Die ganse Heilige Skrif. *Die Hervormer* 60/7, 6. (Artikelreeks: Die Bybel 1).
1969. Die ganse Heilige Skrif. *Die Hervormer* 60/8, 6. (Artikelreeks: Die Bybel 1).
1969. Al die kanonieke boeke. *Die Hervormer* 60/9. (Artikelreeks: Die Bybel 3).
1970. Al die kanonieke boeke - Ou - en Nuwe Testament. *Die Hervormer* 60/10, 5. (Artikelreeks: Die Bybel 3).
1970. Boek van die Kerk. *Die Hervormer* 60/11, 9. (Artikelreeks: Die Bybel 4).
1970. Boek van die Kerk. *Die Hervormer* 60/12, 5. (Artikelreeks: Die Bybel 4).
1971. Prof FJ van Zyl oor buitekerklikheid. *Die Hervormer* 61/10, 14-15.
1971. Die Bybelse agtergrond van die Kerk se barmhartigheidsdiens. *Die Hervormer* 62/5, 15-18.
1974. Die vrou is die barometer van die volk se moraal. *Die Hervormer* 65/9, 24-25.
1975. Hierdie boodskap vertrou ek aan jou toe. *Die Hervormer* 66/1, 8-9. (Rede gehou by die legitimasie van teologiese studente op 28 November 1974.)
1975. Begrafnisrede ds Abr Ras. *Die Hervormer* 66/9, 7-8.

1976. By die beëindiging van die redakteurskap van ds Johannes Dreyer. *Die Hervormer* 67/7, 3-4.
1976. Advent in 'n kommervolle tyd. *Die Hervormer* 67/8, 2. (Redaksioneel).
1976. Kersfees by die kruispad. *Die Hervormer* 67/9, 2-3. (Redaksioneel).
1977. Geloofsvertroue vir die nuwe jaar. *Die Hervormer* 67/10, 2. (Redaksioneel).
1977. Die Afrikaanse susterkerke. *Die Hervormer* 67/11, 2, 16. (Redaksioneel).
1977. Die Hervormer betree 'n nuwe era. *Die Hervormer* 67/12, 2. (Redaksioneel).
1977. Dialoog met die Marxisme? *Die Hervormer* 68/1, 6.
1977. Hedendaagse denke oor die sending het die spoor byster geraak. *Die Hervormer* 68/2, 2.
1977. Kommentaar. Die Nuusbrief, bylaag tot *Die Hervormer* . November. (Op regeringsverbod van sekere koerante/tydskrifte, soos *Pro Veritate*, en sekere organisasies).
1979. Laat die Kerk kerk wees. *Die Hervormer* 71/3, 4.
1979. Kerk en letterkunde: Enkele regstellings. Die Nuusbrief, bylaag tot *Die Hervormer* . Augustus.
1981. Karl Barth se nagedagtenis bly lewe. *Die Hervormer* 73/4, 16.
1981. Ons moet ons vir die koninkryk beywer. *Die Hervormer* 73/8, 1, 3.
1981. Uitsprake is veralgemenings en onwetenskaplik. *Die Hervormer* 73/7, 4. (Reaksie teen JA Loader. Loader repliseer in 73/9).
1983. 'n Huldeblyk: Wyle prof dr JI de Wet. *Die Hervormer* 75/3, 1, 3.
1984. 1984 teen die agtergrond van 1983. *Die Hervormer* 75/10, 1.
1984. Die redakteurskap van die tweelingbroers. *Die Hervormer* 76/2, 1.
1985. Pinkster - fees van die Woord. *Die Hervormer* 77/3, 8.
1985. Die Duiwel, 'n oorwonne mag. *Die Hervormer* 77/6, 3.
1987. Stemming word só teen Hervormde Kerk geskep. *Die Hervormer* 78/12, 1.
1987. Verontrustende aksente in eietydse prediking en kerklike denke. *Die Hervormer* 79/2, 4. (Redaksioneel).

Ander publikasies

1976. Die Onse Vader (1): Ons Vader wat in die hemel is. *Die Christelike Vrou* 33/7, April, 4.
1976. Die Onse Vader (2): Laat u Naam geheilig word. *Die Christelike Vrou* 33/8, Mei, 6.
1976. Die Onse Vader (3): Laat u koninkryk kom. *Die Christelike Vrou* 33/10, Julie, 4-5.
1976. Die Onse Vader (4): Laat u wil op die aarde geskied, net soos in die hemel. *Die Christelike Vrou* 33/11, September, 3-4.

1976. Die Onse Vader (5): Gee ons vandag ons daaglikse brood. *Die Christelike Vrou* 33/12, Oktober, 3-4.
1976. Die Onse Vader (6): En vergeef ons ons oortredinge, soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree. *Die Christelike Vrou* 33/13, November-Desember, 3-4.
1977. Die Onse Vader (7): En laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose. *Die Christelike Vrou* 34/1, Januarie, 3-4.
1977. Ons Kerk se standpunt oor volkereverhoudings. *Jaarboek van die NHSV 1976-1977*, 26-31.
1978. Meer aktualiteit in die teologiese opleiding. *Hervormde Studenteblad* 2, 9-13.

Ander
1977. Mede-opsteller van die Voorwoord (oor die Christelike erediens) in die *Diensboek*.
Een van die wisselformuliere vir die bevestiging van die huwelik (in die huidige *Diensboek*) is deur hom opgestel.

**Studies wat nie op publikasie uitgeloop het nie**
1953. Die amp van die diaken. Berig in *Die Hervormer* 44/6, 8. (Voordrag tydens die spesiale Algemene Kerkvergadering, Augustus 1953, te Rustenburg).
1958. Die analogia entis. 'n Godsdiensfilosofiese ondersoek. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerde proefskrif. Promotor: Prof dr HP Wolmarans.
1960. Professorale intreerede. Universiteit van Pretoria.
1967. Die doop van die sektes en die erkenning daarvan deur die Kerk. Opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (waarskynlik vir eie gebruik).
1968. Die inrigting van die erediens. Verslag aan die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (in samewerking met prof JI de Wet).
1969. Viering van kerklike feesdae. Opdrag van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

**Literatuurverwysings**
1941. Verontrustende tekens. *Die Hervormer* 32/76, 15-17.
1942a. Ons Kerk en ons volk. *Almanak* 36, 58-62.
1942b. Die Kerk aan die ekonomiese front. *Die Hervormer* 33/7, 10-11.
1951. Die klein opkomsie. *Die Hervormer* 42/6, 6.
1951-1952. Ek glo ... 'n kerk. *Die Hervormer* 42/8-42/12.
1953. Die roeping en taak van die Kerk vandag. *Die Hervormer* 43/12, 1.

